

A.H. van Zyl

1. Inleidend

'n Mens wil nie graag die groot aantal teologiese dissiplines en deel-dissiplines teen mekaar afspeel nie. Binne die groot struktuurgeheel het elke groter en kleiner perspektief betekenis. Dit dra by om die geheel beter te verstaan. Die geskiedenis van die godsdiens van Israel, veral die worsteling van die Jahwegodsdiens, met die inheemse afgodsdienste, kry byvoorbeeld 'n dieper dimensie wanneer dit beskou word vanuit die perspektief van die Sendingbelydenis en getuienis. Binne 'n konkrete pastorale situasie waar die hier en die nou 'n mens harder aanspreek as die lang wordingsgeskiedenis van 'n teks of perikoop kyk 'n mens dikwels met nuwe oë na die betrokke teks. Subjektief? Altemit. Maar die Woord is immers gegee sodat ons sal glo en gered word. Nou en hier, nie eergister of oormôre nie.

Maar as al hierdie dinge gesê en deurgepraat is, staan een sentrale waarheid uit bo al die ander: ons omgang met die Woord. Die Woord is sentraal. Dit gaan in elke perspektief wesenlik om die Woord en die verstaan van die Woord. Dit spreek dus eintlik vanself dat dié teologiese vakke wat net vanuit die Woord werk 'n groter verantwoordelikheid as ander het ten opsigte van die verstaan en verklaring van die Woord. Is die twee Bybelse vakke, Ou en Nuwe Testament, belangriker as Kerk- of Sendinggeskiedenis? Dit kan nie sonder meer gesê word nie. Wat wel waar is, is dat die uitleg van die Woord hier en nou belangriker is as die geskiedenis van die uitwerking van die verklaarde en verkondigde Woord in die wêreldgeskiedenis.

Juis omdat alles in die Teologie gaan om die verstaan, verklaring en verkondiging van die Woord, is die Eksegese as vak so belangrik en sou dit tog op 'n manier as die hart van die Teologie beskou kan word. En dit lyk vir my party dae al of ons met 'n hoofoorplanting sal moet begin tensy ons drasties nadink en vir die Eksegese 'n rustiger en ordeliker bestaanswyse moontlik maak.

Voor my lê rigtingwysers vir die Eksegese uit die pen van drie geleerdes, al drie mense van kwaliteit, toegewyde Christene wat dit goed be-doel met die uitdra van die Bybelboodskap, al drie mense vir wie se

wetenskaplike arbeid ek die hoogste waardering het, al drie kollegas van my. Al drie het simpatie met die hedendaagse problematiek, maar hulle stem nóg ooreen met die eksegetiese stappe wat gevolg moet word, nóg met die verhouding tussen 'n diakroniese omgang met die teks en 'n sinkroniese omgang daarmee. Wat dit betref, vertolk die drie uiteenlopende gedagterigtings ongeveer die gangbare situasie in die eksegetiese arbeidsveld: elkeen doen wat hy wil. Eksegese, dié teologiese perspektief op die Woord wat as die koning van al die teologiese perspektiewe op die Woord beskou kan word vanweë die Woordgerigtheid en Woordoorbrekende aard daarvan, het sy rigterstydperk ingegaan. Juis daarom word gepleit: nie vir nog iets nuuts nie, maar vir 'n meer eenvoudige, meer oorsienbare, meer realistiese eksegetiese benadering tot die Woord. 'n Eksegese wat binne die moontlikheidsveld lê van 'n predikant wat minstens twee perikope per week moet eksegetiseer, 'n eksegese wat nie die slaaf van die somtotaal waarskynlik relevante aspekte van ander wetenskappe geword het nie.

Hoe seker is ons byvoorbeeld dat alles wat in die linguïstiek gesê word ook in alle opsigte betrekking het op tale soos Sumeries, Babilonies, Egipties, Latyn, Hebreeus en Grieks (by lg. twee word die moderne spreektaal en hulle literatuur nie bygereken nie)? En geld dieselfde nie dalk ook van die literatuurwetenskap nie? Watter struktuurstrewes was daar by 'n stuk literatuur wat nie as een stuk tot stand gekom het nie? Wie het aan 'n stuk literatuur wat eers na 'n wordingsgeskiedenis van 'n paar eeue sy finale vorm gekry het, sy struktuur gegee? Soos nog later sal blyk, gaan dit by struktuuranalise om 'n ontleding van die stuk literatuur soos dit voor die eksegeet lê. Dit is 'n eksegetiese benadering van besondere belang vir die prediker. "Ons prediking geskied op grond van die teks wat ons voor ons het!" Dit het ek reeds in 1973 geskryf (NGTT 14, 124) na aanleiding van die belang van die redaksiegeskiedenis vir die eksegeet. Maar wie net hiermee werk, wie dus net sinkronies werk, verloor 'n groot stuk moontlikheid om meer insig te kry in sy teks. Ek kan op my manier nog verstaan dat hierdie benaderingswyse dalk effektief kan wees vir die Nuwe Testament (of vir 'n psalm) waar die geskrewe eenhede prakties almal in een stuk as geheel op skrif gestel is, bv. die briewe van Paulus. Maar hoe dit gedoen kan word met al die Ou-Testamentiese literatuur kan ek nie begryp nie. Die lang en moeilike pad waarop hierdie literatuur eers as mondelinge oorlewering toe as op skrif gestelde literatuur en nog later

as aangevulde, omgewerkte en herinterpreteerde literatuur sy finale beslag gekry het, moet eenvoudig geloop word deur die eksegeet wat die teks wil binnedring en oopbreek.

Maar nou besef ek meteens dat hierdie intensiteitseis te veel word vir die gewone eksegeet: die predikant of die teologiese student. Die-selwde geld van die eksegetiese benadering wat vra vir die vasstelling van die makrostruktuur waarbinne die mikroteks funksioneer. Dit vra vir die struktuuranalise van 'n hele Bybelboek waar begin kan word met die struktuuranalise vir 'n bepaalde perikoop, asof laasgenoemde nie al veeleisend genoeg is nie. Daarom pleit ek dat daar onderskei moet word tussen eksegese vir preekmaak en eksegese vir die deurdring na al die lae van 'n teks, van die oppervlakte af tot by die diepte, van die laaste hand af tot by die eerste mond. Waar pas ons 'n teologiese student in? Natuurlik by die eerste groep, want sy opleiding moet o.a. gerig wees op sy bediening van die Woord waarvoor hy opgelei word. Eers op doktorsvlak moet die diepte-eksegese van studente verwag word. Daar gaan dit om die student-teoloog wat werklik die tyd sal kan maak om diep en indringend met 'n teks te werk. Dit sal dan ook meebring dat ons eksegetiese metodiek nie 'n spookagtige grot sal word met talle sykamers waarin die student kan verdwaal nie. Dit sal meebring dat eksegese weer 'n oorsienbare geheel sal word, 'n aktiwiteit wat nie meer vanweë sy kompleksiteit sal afskrak nie. Dit beteken m.i. ook dat die eksegese met die oog op die prediking altyd die een oog sal hou op die preek, sodat die eksegetiese skof wat moet afgelê word nie die potensiele preek uit my teks sal haal nie.

Die eksegese vir die preek sal dus minder indringend wees, sal 'n korter en meer oorsienbare pad wees as die eksegese vir die Teologie. As albei op die betroubare eksegetiese beginsels rus wat in die afgelope eeue met goeie resultate toegepas is, sal daar nie 'n skeiding kom tussen preekterrein (Kerk) en akademiese terrein (Teologie) nie. By die een loop ons met 'n betroubare kortpad na dieselfde bestemming toe as die waarna toe ons met die lang kronkelpad op pad is: wat sê die Woord?

2. Eksegese en die Teologie

As dit so is dat die huidige eksegetiese pad te veeleisend is vir die predikant om dit twee keer per week met twee verskillende tekste af te lê, kan met goeie reg gevra word: Is dit nie ook tē veeleisend vir die

teoloog wat nie eksegeet alleen is nie. Ek dink dit is nie net tē veeleisend nie, maar ook totaal en al te tegnies. Kan daar bv. van 'n dogmatikus of 'n etikus of 'n teoloog in die Praktiese Teologie ver wag word om die ekspert eksegetiese behendigheid van die Ou-Testamentikus te ewenaar? Party van hulle lees nog Grieks goed, hier en daar is een wat nog Hebreeus lees en verstaan. Maar hierdie soort dogmatikus of kerkhistorikus word vandag nie agter elke bossie uitgeskop nie, net so min as wat die eksegeet altyd op hoogte is van die dogmatiese of dogmenhistoriese fyner puntjies.

En tog dink ek nie ons kan die teoloog as teoloog toelaat om dieselfde kortpad te vat as die predikant as prediker nie. Wie as teoloog met die Skrif omgaan, moet erns maak met die Skrif. Die teoloog moet eksegeties so onderlê wees dat hy vir sy doel op 'n wetenskaplik verantwoorde wyse kan gebruik maak van die vakmaneksegeet se bevindinge. Dit beteken dus dat hy nie al die eksegetiese stappe met elke Skrifdeel hoef te deurloop omdat hy soos Barth verkies om sy eie eksegese te doen nie. Maar dit beteken ook dat hy en die eksegeet dieselfde benaderingswyse tot 'n teks of perikoop behoort te hê, en dat hy die oordeelsvermoë sal hê om die finale uitspraak van die eksegeet te kan aanwend.

Die afstand tussen eksegeet en dogmatikus of tussen eksegeet en etikus moet nie so groot word dat hulle nie meer dieselfde taal oor 'n bepaalde Skrifdeel kan praat of daaroor kan saampraat nie. Dit plaas 'n verantwoordelikheid op die eksegeet en die dogmatikus.

- 2.1 Die eksegeet moet sy eksegese bedryf met 'n duidelike bewussyn dat hy, wat myself bv. betref, 'n Protestantse Christen is. Dit is my "voordeel" waarvan ek myself nie kan losmaak nie, selfs nie wil losmaak nie omdat dit my grondhouding is, en waarvan ek my altyd bewus moet bly in my eksegetiese arbeid. Dit is 'n keuse, 'n openlike standpuntstelling wat afgehandel is toe slegs die 66 kanonieke boeke van die Bybel binne die ondersoekveld van my eksegetiese arbeid geplaas is. Moet ek nog verder gaan? Lutheraan, Calvinis, Metodis, Nederduits Gereformeerd, Nederduitsch Hervormd of net Gereformeerd? Daar is party wat sê dit moet. Die feit dat ek groot geword het in 'n bepaalde Kerk sal seker diep in my eie "dieptestruktuur" saampraat in my perspektief op die Woord. Wat die drie Afrikaanse susterkerke betref, kan ek egter so getuig:

Na meer as tien jaar se saamwerk met teoloë uit die twee susterkerke in die radioprogram "Wat sê die Bybel?" het ek nog nie 'n noemenswaardige verskil in benadering tot die Woord tussen my en hulle ontdek nie. Wat ek wel gemerk het, is dat ons die Bybel lees as Christene, en dat ons probeer luister na die Kánon van die Protestantse Kerke.

Na baie jare se saamvertaal aan die Bybel, en ons is nou amper klaar met sowat twee-derdes daarvan, kon ek en my medevertalers nog nie vasstel dat ons besprekings oor die spesifieke vertaling van 'n teks volgens kerklike groepering plaasvind nie. Wat ek wel ondervind het, is dat ons die Protestantse kánon met sy 66 gesaghebbende boeke vertaal en dat ons eerbied het vir die Woord van God wat tot ons gekom het. Daar is nie 'n teks of 'n perikoop wat met minder toewyding vertaal word nie, nie 'n woord wat maar in die vertaling verswyg word nie.

Dit lyk my dus nie na bevooroordeelde, nie-wetenskaplike eksegese as ek my eksegetiese arbeid laat bind deur die gesag van die teks waarmee ek werk nie. Geskied dit nie op stuk van sake maar in elke stuk hermeneutiek van 'n spesifieke teks of dit nou uit Homeros of uit Dilthey is nie?

Wanneer bogenoemde my vertrekpunt is, bied die sg. literêr-kritiese eksegese nie vir my die probleme wat dit vir 'n kollega-dogmatikus bied nie, omdat ek, gerig deur my grondhouding oor die Skrif, uit die verlede die goeie neem en daarop bou. Ek verwerp nie 'n metode omdat ander die metode onverantwoordelik en onwetenskaplik gebruik het nie.

- 2.2 Die dogmatikus se grondhouding sal waarskynlik effens enger wil wees, want hy sal veel sterker onderskeid maak tussen Lutheraanse Christen en Calvinistiese Christen, selfs tussen Hervormd en Gereformeerd ten spyte van die gemeenskaplike bronne, die Woord en Calvyn. Waarom? Blykbaar omdat die dogmatikus se perspektief sterker gerig is op of aangesterk word deur die eie geloofsgemeenskap se begrip en vertolking van en belydenis oor die Woord. In belydenis en beleving van die geopenbaarde Woord se boodskap vir die eie lewens- en kerkpraktyk is daar nogal 'n verskil tussen Lutheraan en Gereformeerd. Elke gelowige belewe sy kerkgaan op sy eie manier binne die ruimte van sy kerk as deel van die Kerk, en die dogmatikus wat tog maar kerklike dogmatiek beskryf, vang hierdie eie aksente duideliker op as die eksegeet tot wie die Woord se stem sterker kom as die beleving van die Woord in die kerk.

Maar hierdie effens verengde grondmotief van die dogmatikus hoof nie die sondebok te wees vir die gapende kloof tussen eksegeese en dogmatiek nie. Die fout lê waarskynlik by albei.

- 2.3 Die eksegeet se werk kan so maklik verval in 'n analise van reeds geanaliseerde eenhede dat dit nie vir die dogmatikus iets kan sê nie, of dit kan so 'n kritiese analise van die Woord word dat daar nie meer sprake kan wees van 'n gemeenskaplike element in die vertrekpunte van die twee nie. Na sy wese is eksegeese 'n analiserende bedrywigheid, maar die sintese, die soek na 'n groter geheel in die geanaliseerde stukkes mag nie uitbly nie. Die eksegeet moet nie so indring in die kleiner onderdele en in die vra na die "historiese" betekenis van 'n teks of perikoop dat die vraag: "Wat sê dit nou en hier vir my en vir die gelowiges" verontagsaam word nie. As dit die geval sou wees, sou ons maar net kommentare op die styl van 'n Ensiklopedie hoof te skryf. 'n Standaardkommentaar wat net af en toe deur 'n addisionele uitgewer opgevolg word waarin net nuwe insigte in die "historiese" betekenis opgeneem word. Maar juis die praktyk van 'n nuwe kommentaarreeks so elke kwart eeu beklemtoon die eietydse van die eksegeese wat ook die betekenis vir vandag moet uitspel.

Die dogmatikus se werk kan egter ook gebreke hê. By hom gaan dit dikwels té sterk om die spekulatiewe ratio, en albei, spekulasie en oormatige luister na die logiese sisteembou-eise van die rede, is iets vreemds vir die eksegeet. Die eksegeet kan met kleiner eenhede werk, selfs al lyk dit op die oog af of hulle mekaar weerspreek. Miskien was dit juis die spekulatiewe trek van die dogmatiek wat so baie filosofie (veral Griekse filosofie) in die Teologie ingedra het en baie eksegete in die harnas gejaag het. Dalk is hierdie gehoorsaamheid aan die ratio ook die rede waarom so baie dogmatici nie 'n aanvoeling het vir die noodsaak van werklike wetenskaplike eksegeese, ook vir die dogmatiek, sodat die "historiese" betekenis van 'n teks nie die dogmatikus aanspreek nie of hy nie enige affiniteit daarvoor het nie. Daar is byvoorbeeld dogmatici wat die feit dat 'n bepaalde teks uit sê duisend v.C. en 'n ander uit vyftig n.C. dateer, nie inagneem nie. Volgens hierdie dogmatici is hierdie sake wat dodelike erns is vir die eksegeet, nie van belang vir die dogmatiek nie, en dit is juis hierdie soort Skrifuitleg van dogmatici wat die kloof tussen dogmatiek en eksegeese deur hulle onwetenskaplike hermeneutiese arbeid in 'n erosiedonga omskep. Wanneer die dogmatikus beweer dat die dogmatiek kragtens sy aard

nie in die historiese geïnteresseer is nie, moet die dogmatiek nie klaas die eksegeet nie kennis neem van hierdie soort "tydlose" Skrifbenadering nie. Dis dán wanneer die spekulatiewe ratio begin dikteer en nie die Woord nie.

3. Hoe moet eksegeese gedoen word?

Eksegeese het vandag 'n té ingewikkelde aktiwiteit geword. Ons moet probeer om, met behoud van die wins van die nuwere eksegetiese insigte, weer van eksegeese 'n aktiwiteit te maak wat lê binne die moontlikheid van elke bedienaar van die Woord. Daarom wil ek eenvoudig sê dat eksegeese twee aspekte moet behels: die literêr-historiese analise van die teks en die meditasie oor die teks waarby die bedienaar van die Woord homself oopstel vir die Woord en vir die Heilige Gees. Wie sy literêr-historiese analise goed en deeglik gedoen het, sal nie op loop sit met sy eie gedagtes en hulle dan aan die Heilige Gees toeskryf nie.

Wat is literêr-historiese analise? Dit is 'n ingrawe in en in oopbreek van die teks met behulp van al die moontlikhede wat die teks as literatuur, as geskrewe woord, uit 'n bepaalde historiese milieu beskikbaar stel. Hier is veral sake van filologiese en literêre aard ter sprake. Dit gaan om 'n lees van en luister na die teks soos dit tot ons kom in die grondtale, waarby tekskritiek en perikoopafbakening gerus maar minder aandag kan kry as wat dit vandag ontvang. Wat tekskritiek betref: die Massorete teks is 'n betroubare teks en gee net af en toe nie 'n goeie lesing nie. Slegs in die paar gevalle is tekskritiek nodig, en daarom kan meer as nege en negentig persent van die tekskritiese opmerkings gerus maar geïgnoreer word. Dieselfde geld van die Griekse teks van die Nuwe Testament waar eksperte vir ons die mees betroubare lesing bepaal het. En perikoopafbakening is meestal ook gedoen, en nogal goed. Laat ons hier vra na betekenis in die bepaalde konteks soos gedra deur die literatuursoort waarmee ons werk. Laat ons let op koppeling van ons teks met ander tradisies (indien wel). Hier is dit betekenisvol om studente se aandag te vestig op kenmerkende woorde en inhoud van tradisies. Wie dit ken, kan dit altyd weer gebruik. Maak ook die student se oë oop vir die feit dat trefwoorde gebruik kan word, en vir aksentuerings deur herhalings. Wie 'n teks drie, vier keer aandagtig deurgelees het, sal die belangrikse aksentuerings raaksien, mits sy oë ooggemaak is vir die feit van sulke sake. Wie byvoorbeeld aan die hand van enkele Skrifvoorbeelde geleer het dat die skeppingstradisie in die Ou Testament gewoonlik gebruik word in predi-

king oor verlossing, hoef nie 'n lang struktuuranalise van 'n psalm te maak om te ontdek wat die funksie van skeppingsverwysings in 'n gebed van verlossing is nie. Langs hierdie weg word daar verbande gelê tussen die teks en sy direkte konteks in sy groter konteks.

Die "historiese" van die literêr-historiese analise behels twee sake: die historiese wording van die teks en sy betekenis vir die mense binne die historiese situasie van sy wording. Alleen wanneer dit bepaal is, kan daar gevra word na wat die teks hier en nou sê. Waarom is die op-gawe van die tyd waarin 'n profeet opgetree het, vir ons gegee as dit as tydlose woord geïnterpreteer sou kon word? Nee, die historiese is nie opsy te skuif nie.

Wanneer predikant en teoloog sy eksegeese met inagneming van bogenoemde beoefen, elk met meer of minder aksent op fyner besonderhede afhange van sy oogmerke met sy eksegeese, sal die eksegeese nie 'n vreemde-ling vir party teoloë of vir predikante word nie.

En wil die eksegeet-ekspert as vakman hom dan die weelde van al die hedendaagse draaie veroorloof, laat hom dit dan doen as dit hom vertrou in sy werk gee, met een voorbehoud: dit mag nie bly by 'n klomp letters en strepies wat op nuut ontdekte verbande en strukture dui nie. Die formulering van die verhoudingsinhoud van 'n teks binne die ontstaanstyd en wordingsgeskiedenis daarvan is noodsaaklik as eindstap in die eksegetiese arbeid sodat die dogmatikus of ander teoloog dit hier beskikbaar kan vind en in sy teologiese aktiwiteit kan aanwend.